# DIE BESTUDERING VAN DIE GESKIEDENIS VAN DIE WYSBEGGEERTE „IN U LIG".

Vir ons, Christus-gelowiges, is die Bybel die Woord van God. God is waar en Sy Woord is die Waarheid. Aan dié waarheid moet alles getoets word. Hierdie wete dat die Woord van God, waarin God Homself aan ons openbaar,, die waarheid is, is 'n wete wat deur die Gees in die harte gegee word van almal wat God tot Hom geroep het. Hierdie wete besit ons almal, en elkeen van ons besit dit ook al lank voor ons met wetenskap besig is. Dit is geen wetenskaplike kennis nie, maar dit is 'n wete waarop alle wetenskappe gegrond is, alle wetenskappe wat waarlik „In U lig" beoefen word. Ons kry as Christus-gelowiges hierdie wete direk uit die Skrif, want die Skrif is 'n geopende boek, geskryf in 'n taal wat vir elkeen verstaanbaar is. En as ons nou op hierdie wete ons wetenskap opbou en gebruikmaak van hierdie Skrifwaarheid, dan put ons dit ook direk uit die Skrif, want dit is die grondwaarhede waarop al ons doen en late gebaseer is, ook ons wetenskap! Hierop bou dan ook die Teologie, die Wysbegeerte en die vakwetenskappe hulle wetenskap. Maar hier moet ons ook daarop let dat die Skrif geen wetenskaplike handboek is nie en dan ook deur geen wetenskap as sodanig gebruik mag word nie.

Aangesien die Woord van God die waarheid is, daarom kan niemand ons dit ten kwade dui nie as ons dan in 'n studie soos die geskiedenis van die wysbegeerte aan enige filosoof vra: „Wat maak u met die Skrif"? En dit is wat gedoen word in die beoefening van hierdie wetenskap in Calvinistiese kringe. Ons eerste vraag aan enige filosoof is die vraag wat hy met die Skrif doen. En sy antwoord hierop gee ons direk die wete hoe ons ten opsigte van die betrokke filosoof moet staan. In die geskiedenis van die wysbegeerte kry ons 'n hele aantal antwoorde op hierdie vraag. Die eerste filosowe wat ons ontmoet, „antwoord" ondubbelsinnig hierop dat hulle die Woord van God nie ken nie, omdat hulle gelewe het in 'n tyd voor die koms van Christus, voordat die apostels uitgegaan het om die Evangelie te verkondig aan alle volke, nasies en tale. Daarom moet ons hierdie mense ook as sodanig sien, en wie dit nie doen nie, veronreg hierdie filosowe. Maar Christus is gebore en het dissipels gemaak wat Hy as apostels uitgestuur het om die Evangelie te gaan verkondig, en van nou af aan kan die meeste filosowe nie meer die vorige antwoord op ons vraag gee nie. Ons kry die volgende toestand in hierdie tyd: Die filosowe is nou bekend nie net met

die konsepses van hulle voorgangers nie maar ook met die Skrif. Sowel die Skrif as die paganistiese wysbegeerte gebruik identiese terme alhoewel verskillende dinge daaronder verstaan word, en wat is nou meer voor die hand liggend as dat daar 'n poging aangewend word om die betekenisse met mekaar te verbind? Om maar een voorbeeld ter illustrasie te gebruik: lank voor die koms van Christus het iemand soos Herakleitos byvoorbeeld geleef. Herakleitos praat van 'n onsigbare samevoeging, nl. die water of see. Vanuit hierdie see kom al die ander dinge deur divergensie te voorskyn. Hoe kan ons nou die onsigbare samevoeging ken? As die onsigbare samevoeging nie deur, as 't ware, 'n selfopenbaring homself bekend maak nie, sou dit onmoontlik wees. Daar is ook so 'n bekendmaking, en dit noem Herakleitos die logos of sprake. Die wyse manne is in staat om hierdie logos te hoor, en sodoende het hulle kennis van die onsigbare samevoeging. Enigeen kan nou die ooreenkoms van hierdie leer van Herakleitos met die leer van Johannes dadelik insien, maar die Logos waarvan Johannes praat, en dié logos waarvan Herakleitos praat, is nie dieselfde nie. Poginge, nou, wat probeer om Skrifwaarhede te verbind met paganistiese konsepsies—en dit was baie eeue lank 'n akute probleem vir die Christen-denker—noem ons sintese-poginge. En die antwoord van die Sintesefilosowe op ons vraag moet dan in waarheid dit wees dat hulle sodanige sintese probeer bewerkstellig, 'n poging wat deur ons met die grootste beslistheid afgewys moet word, want die Skrif laat hom met geen paganistiese gedagtes verbind nie. Hierdie sintesetydperk strek dan ook uit oor baie eeue, en die gevaar is derhalwe so ontstellend, want deur al daardie eeue is sekere terme gebruik in die algemene spraakgebruik sodat dit onder gewone omstandighede vandag nog as algemeen aanvaarde waarhede gebruik word. Ons dink hier maar net aan die groot gevaar wat daarin skuil om die mens te sien as bestaande uit twee substansies, nl. liggaam en siel. Dit is dan ook eers in die moderne tyd dat daar gebreek is met hierdie sintesegedagte, 'n tydperk wat ingelui word met Descartes. Die motief vir hulle breuk met die sintese was egter links gesind, want hulle wou aan die Skrif geen plek toeken in die wetenskapsbeoefening nie. Daar is egter ook met die sintese uit 'n regse motief gebreek. Aan die Skrif word sy regmatige plek toegeken in die wetenskap—die standpunt van die P.U. vir C.H.O. onder andere. Waar die Skrif sodoende tot sy reg kom in die wetenskapsbeoefening, geskied dit sonder dat dit as wetenskaplike handboek gebruik word, wel as die basis waarop alle kennis gegrond is. „Uit die hart", sê die Skrif, „is die uitgange van die lewe", en die rigting van die hart bepaal die rigting van die wetenskap. Nou bestaan daar net twee rigtinge vir die hart: dit kan ná God toe gekeer

wees of van God afgewend wees. Hierdie twee rigtinge is altwee religieus bepaald, en daarom is ons hart se uitgange, ook ons wetenskapsbeoefening, religieus bepaald—'n neutrale wetenskap is onmoontlik! So het ons eerste vraag aan die filosoof al dadelik 'n skat gegewens aan ons gebring, gegewens wat ons in staat gestel het om met Christus as middelpunt 'n indeling van die geskiedenis van die wysbegeerte te maak, maar ook gegewens wat ons in staat stel om enige wetenskaplike volgens sy werke te beoordeel t.o.v. die rigting van sy hart en sy werke dan te klassifiseer as Godverheerlikend of nie.

Met die bogenoemde wil ons egter nog nie beweer dat alles wat deur die wetenskaplikes met 'n linksgerigte rigting van die hart gevind is, as onwaar verwerp moet word nie, want dit is ook so dat al is die hart van God af gerig die funksionele of modale wette nog gehoorsaam kan word. Wie wil ontken dat 'n heidense moeder haar suigeling in liefde getrou sal voed en versorg? Ook die nie-Christus-gelowiges is as mense onder die algemene genade van God. Soos by enige Christus-gelowige wetenskaplike is dit ook by hulle die geval dat in alle wetenskaplike aktiwiteite dit die **mens** is wat sy analitiese funksie, wat altyd die een pool van wetenskaplike en voorwetenskaplike kennis is, op die een of ander voorwerp rig, hetsy 'n wetskring hetsy 'n struktuur, en waarmee die analitiese funksie dan deur middel van die intuïsie 'n verbinding aangaan. Dit is dus moontlik vir die linksgerigte wetenskaplike om waarhede in sy wetenskapsbeoefening te ontdek, want wetenskaplike kennis is daardie waarheid wat die kennende deur sy kenaktiwiteit omtrent die kenbare verkry het in gehoorsaamheid aan die onderhawige wette—as dit nie waarheid en dus nie kennis was nie, dan was dit dwaling en geen kennis nie!

Maar laat ons van hierdie sypaadjie af terugkeer na die hoofpad van hierdie artikel. Ons het nou aan die filosoof gevra wat hy met die Skrif maak. Dit is nou nodig om hierdie filosoof te bestudeer en as dit gedoen word, dan moet ook sy konsepsie getoets word aan die waarheid. 'n Ander kriterium is daar nie. Op die vraag of dit nodig is om die ander filosowe se konsepsies te ken, wil ons hier net daarop wys dat 'n studie van die geskiedenis van enige vak baie nodig is om ons eie konsepsie te verdiep. Ook in die wysbegeerte is dit die geval—ons het 'n eie konsepsie maar hierdie konsepsie ondergaan 'n onskatbare verdieping in die bestudering van die geskiedenis daarvan. As ons weet waar ander gefouteer het en hoekom hulle gefouteer het, dan vrywaar dit ons van dieselfde en soortgelyke foute in die uitbouing van die eie konsepsie. Nie alleen teenoor hulle moet ons krities wees nie maar en veral teenoor

onsself moet selfkritiek toegepas word. En hierin word ons geskool in die studie van die ander.

Aangesien elke konsepsie aan die waarheid getoets moet word en die Skrif die waarheid is, moet ons kortliks let op wat die Skrif ons leer. Die grondwaarheid in die Skrif is die bestaan van God—hieraan kan geen Skrifgelowige twyfel nie. Maar die Skrif leer ons ook dat God in die begin die hemel en die aarde geskape het en hierdie skepping van Hom aan Sy wet onderwerp het. God die Skepper is nie aan die wet onderworpe nie, alhoewel Hy 'n God van orde is en Hom hou aan die wette wat Hy eenmaal aan Sy skepping gegee het. Hierdie waarhede is alreeds so helder ingesien deur Calvyn—„Deus legibus solitus est" en „Deus noncalea est". So kry ons dan die onderskeiding van God, wet en kosmos. Alhoewel die wet die kosmos van God afbaken in die sin dat niks wat aan die wet onderworpe is, God is nie, skei dit nog nie God van die skepping nie, want God is alomteenwoordig. Die verhouding tussen hierdie drie is dan ook so dat God die wet gegee het aan Sy skepping en die skepping aan die wet onderwerp het. Die wet is dus nie in die kosmos of 'n deel daarvan nie, maar dit lê bo en buitekant die kosmos. 'n Duidelike bewys hiervoor vind ons daarin dat toe die hele aardse skepping in sonde geval het as gevolg van die wetsoortreding van Adam en Eva in die paradys, die wet vry gebly het van die sonde—die wet het nie sonde geword nie! Ook aan hierdie Skrifwaarhede moet die konsepsie van elke filosoof getoets word.

Hulle wat God nie ken nie, weet dan ook nie dat God die Wetgewer en Skepper is nie; hulle ken wel die wet en die kosmos maar moet noodwendig die verhouding tussen wet en kosmos verkeerd sien. Dit is o.i. heeltemal vanselfsprekend. En nou is dit ons taak om by hulle vas te stel wat hulle te sê het oor die wet en die kosmos en oor die verhouding tussen die twee. Duidelik—en dit openbaar die geskiedenis van die wysbegeerte ook aan ons—is dat hier twee moontlikhede is. Die een moontlikheid is dat die wet in die kosmos geplaas word. Dit is dan ook die oudste rigting in die wysbegeerte; ons tref dit alreeds by Mousaios aan, ongeveer 800 jaar voor die geboorte van Christus. As die wet in die kosmos geplaas word, is die vraag: Waar word dit gesoek binne die kosmos? Omdat alles wat God geskape het, aan Sy wet onderworpe is, daarom kan ons hierdie skepping aandui as wetsonderdaan en dit is wetsubjek. So kry ons dan hemelse súbjekte en aardse súbjekte. Op die vraag of al wat ons in die kosmos aantref, net súbjekte is, moet ons ontkennend antwoord, want aan elke súbjek het God ook 'n kwaliteit gegee—dit is die objekte in die kosmos. So tref ons dus in die kosmos súbjekte, d.i. wetsonderdane, en objekte, d.i. hulle kwaliteite, aan. In

een hiervan kan die wet nou gesoek word, want hierdie twee onderskeidings geld universeel vir alles wat deur God geskape is. Word die wet nou in die subjek gesoek met die daarmee gepaard gaande ontkenning van die objek, dan noem ons sodanige konsepsies subjektiwisties. Hierdie subjektiwisme is dus die verabsolutering van die subjek met die ontkenning van die objek. Die wet kan egter ook in die objek gesoek word; hier word die subjek as draer van die kwaliteit noodwendig erken, maar hier is die objek weer oorskat. Hierdie objektiwisme kan gepaard gaan met die meting van die kwaliteit, wat dan in matematiese verhoudings uitgedruk word, of die meting kan agterweë bly. So kan die objektiwisme uiteengaan in matematiese objektiwisme, soos ons dit o.a. by die meeste Pythagoreërs kry, of nie-matematiese objektiwisme. Die wet lê by die lg. slegs in die objek en by eg. in die matematiese aspek daarvan. Ander moontlikhede om die wet binne die kosmos te soek bestaan daar nie. Dat hierdie konsepsies voorkom, bevestig die studie van die geskiedenis van die wysbegeerte oor en oor. Wat in hierdie verband besonder belangrik is, is die feit dat die meeste denkers in die moderne tyd aanhangers van die subjektiwisme is. Watter grootse perspektiewe gaan nie net deur hierdie siening vir ons oop nie? As ons kan aantoon dat 'n skrywer in een van hierdie kategorieë val, dan het ons al dadelik sy houding geopenbaar t.o.v. die Skrifwaarheid dat God Skepper is van hemel en aarde en dat Hy die skepping aan Sy wet onderwerp het! Sodoende kan ons as gelowige wetenskaplikes dan dadelik standpunt inneem teen enige wetenskaplike, elk op sy spesifieke gebied.

Maar daar is ook nog 'n ander plek waar gesoek kan word na die wet, nl. agter die kosmos. Die wet word dan as agtergrond van die kosmos gesien en wel as iets wat dan vir die hele voorgrond geld, want hierin lê voorwaar die synswyse van die wet: dit geld kragtens die ponering en handhawing daarvan deur God vir dit wat daaraan onderworpe is, nl. die hele skepping. Waar ons by die objektiwisme al 'n stappie vooruit in die rigting van die waarheid ontdek het, nl. die erkenning van beide subjek en objek alhoewel met 'n eensydige oorskatting van die objek, daar moet ons hier 'n verdere vooruitgang konstateer. Die wet lê nou nie meer in die kosmos nie—'n waarheid—, maar dit lê agter die kosmos en geld vir die hele kosmos, d.w.s. vir súbjek sowel as objek. Hierdie groot vooruitgang in die geskiedenis van die denke dank ons aan Plato. Plato wat sy filosofiese loopbaan begin het as objektiwis onder leiding van Sokrates, kom heeltemal selfstandig tot die ontdekking van die wet in die agtergrond en lewer hierdeur 'n positiewe bydrae tot die geskiedenis van die wysbegeerte. Wat sy konsepsie van die voorgrond betref, is Plato afhanklik van sy voorgangers,

soos enige ander filosoof trouens is, maar vir sy opvatting van die agtergrond is hy van niemand afhanklik nie. Dit is dan ook veral hier waar sy invloed op sy volgelinge gesoek moet word. Onwillekeurig ontstaan die vraag: „Maar hoe sien Plato hierdie agtergrond?" Hierop antwoord hy ondubbelsinnig dat hy die wet sien as 'n realiteit, 'n ding of substansie wat geld vir sowel sy gode as vir die mense en dinge, want in die voorgrond erken Plato sowel die gode as die skepsele. Omdat hy die wet in die agtergrond sien as 'n realiteit, 'n ding of 'n substansie, daarom word hierdie opvatting dan ook met reg genoem „realisme", van die Latynse woord „res", d.i. „ding". As leerling van Plato maar later selfstandige denker wat hom onderskei het en vandag nog die denkers beïnvloed naas Plato, moet hier genoem word die groot figuur van Aristoteles. Ook Aristoteles is 'n uitbouer van die realisme alhoewel op 'n eie oorspronklike manier.

Die realisme is 'n leer wat tot vandag nog aktueel bly. Dit het deur die eeue 'n groot rol in die denke gespeel en veral ook sy invloed op die gebied van die teologie laat geld. Ons dink hier slegs aan die invloed van Plato se leer op Augustinus, wat 'n Neo-platonikus was, maar veral moet hier genoem word manne soos Thomas van Aquino, Duns Scotus e.a., wat vandag nog hulle invloed laat geld in die Roomse teologie. Ook hier weer het die studie van die geskiedenis van die wysbegeerte ontsaglike waarde, want as ons geleer het om die realisme te ontmasker, dan het ons 'n wapen om ons eie denke ook daarvan te suiwer indien daarvan nog spore by onsself onwetend aanwesig is. Hierdeur kry ons ook 'n magtige swaard in die hand in ons stryd teen anti-gereformeerde strominge, en dit as gevolg van die Skrifwaarhede waaraan die konsepsies getoets word.

Samevattend kan ons hiervan sê dat alle subjektiwisme, objektiwisme en realisme vir die Calvinis onaanvaarbaar is, omdat hierdie mense die verhouding tussen wet en kosmos verkeerd sien. Hierdie strominge kry ons regdeur die geskiedenis van die wysbegeerte tot vandag toe. Met hierdie konsepsies is daar poginge tot sintese aangegaan, soos blyk uit die voorbeelde wat alreeds aangehaal is en wat maklik vermenigvuldig kan word. Om hierdie rede is dit dan ook so noodsaaklik dat ons 'n baie deeglike studie moet maak van die tydperk van die Kerkvaders, sodat ons kan weet met watter strominge hulle 'n sintese probeer aangaan het, m.a.w. wat die verkeerde in hulle opvattinge is, sodat ons onsself daarvan kan vrywaar. Maar ons kry dit ook terug by huidige denkers, en hier dink ons veral aan manne soos Brünner en Barth, wat beslis gevaarlike denkers is, ook Kierkegaard, Loen en Sartre—almal

verteenwoordigers van die mees resente geestesrigting in Europa, nl. die eksistensialisme.

'n Paar verdere vrae wat aan die filosowe gestel moet word, is die vrae hoe hulle die verhouding sien tussen die universele en die individuele. Die regte antwoord hierop is natuurlik dat albei gelykwaardig is en ook altyd en orals tegelyk voorkom, en dat alles wat aan die wet onderworpe is, dus sowel súbjek as objek, universeel en individueel is. Hier wil ons dan ook net die aandag daarop vestig dat die korrelaat van individueel wel universeel is en nie sosiaal soos alte dikwels ook in wetenskaplike taal gebruik word nie. Op die bogenoemde vraag kry ons in die geskiedenis van die wysbegeerte uiteenlopende antwoorde. By die subjektiwisme word alleen die subjek erken, met die gevolg dat daar van universeel en individueel alleen by súbjekte sprake kan wees. Ten onregte word die verhouding tussen universeel en individueel dan verder gesien as korrelaat met dié van primêr en sekondêr. Volgens die universaliste is die universele primêr, en die individuele is slegs uitlopers hiervan. Hier kry ons die horisontale mistiek, wat net so verwerplik is as die vertikale of kenteoretiese mistiek van die Neo-platonisme. Die individualiste weer beskou die individuele as primêr. Vir hulle is die universele maar byvoorbeeld net 'n algemene begrip, 'n woord met algemene betekenis en die gemeenskap in 'n lewensverband. Maar ons kry ook denkers wat die korrelasie universeel-individueel nie verbind met dié van primêr en sekondêr nie. Hulle is die parsiële universaliste, en vir hulle bestaan sowel die individuele as die universele tegelyk en naas mekaar. Die verhouding tussen hulle word dan so gesien dat hulle na mekaar lyk en alleen in grootte verskil waardeur die individuele die wêrelde in die klein is, die mikrokosmoi teenoor die universele as die wêreld in die groot, die makroskosmos! Vir die subjektiwis is hier nog 'n verdere verskil, want die universele is hierby dan ook nog die wet vir die individuele, waardeur lg. die belangrikste van die twee word. Maar nie alle parsiële universaliste handhaaf die makro-mikrokosmos-tema nie, sien dus nie die verskil as dit en dat nie maar wel as hoër en laer in een en dieselfde ding. Die hoëre is die universele en die laere is die individuele, maar omdat die hoëre of universele hier in 'n ding opgesluit lê, daarom moet hulle na 'n beginsel van individualisering vir die hoëre gaan soek. Aristoteles, wat in hierdie verband voortbou op Hippokrates, soek eers die beginsel in die hoëre, nl. in die vorm, maar verander later van konsepsie en soek dit dan in die materie. Ook hierdie vorm-materie-skema speel 'n baie belangrike rol deur die eeue heen, en daarom is dit nodig dat ook hierdie konsepsie aan die kaak gestel moet word. 'n Verdere waarskuwing wat hier

ingesluit is, lê in die gebruik van die terme mikro en makro, iets wat oorspronklik van die Ooste af kom en opgeneem is in die Westerse denke deur die Griekse filosofie.

Op die verdere onderskeidinngs wat gemaak moet word i.v.m. die vasstelling van die kosmologiese, antropologiese en kenteoretiese opvattinge van die filosowe, kan ek hier nie ingaan nie. Maar in die algemeen kan hier net gesê word dat ook hierdie onderskeidinge gegrond is op die waarheid en getoets moet word aan die waarheid. Sodoende is die hele studie van die geskiedenis van die wysbegeerte op Skriftuurlike grondslag geplaas en het dit vir ons moontlik geword om ook hier getrou te wees aan ons leuse. Ook in hierdie vak sien ons nou „In U Lig" „die Lig". 'n Woord van hulde aan die grondlegger hiervan, nl. prof. dr. D. H. Th. Vollenhoven, is sekerlik hier nie onvanpas nie. Ons kan God nie genoeg dank vir die man wat Hy ons in prof. Vollenhoven geskenk het nie. Mag die Here hom nog lank spaar en hom die krag gee om voort te gaan met hierdie heerlike taak wat aan hom opgedra is deur die Skepper van hemel en aarde.

J. A. L. TALJAARD.